**<u>Edu-Lead akademiese gesprek</u>**

**<u>Woensdag 12 Junie 2019</u>**

Prof Scott Eacott

Op Woensdag, 12 Junie 2019, het die Edu-Lead entiteit ʼn akademiese gesprek gehad wat al drie kampusse betrek het deur middel van elektroniese konferensie media. Edu-Lead het professor Scott Eacott van die Universiteit van Nieu-Suid-Wallis (aangewys as die 4de beste universiteit in Australië) verwelkom, as gasspreker wat elektronies by ons aangesluit het. Die tema vir sy aanbieding was: *Beginpunte vir 'n relasionele benadering tot organisatoriese teorie: 'n Oorsig*.

Professor Eacott het drie kernbeginsels geïdentifiseer om oor te dra wat Onderwysleierskap beteken en behels. Die eerste beginsel is duidelikheid; duidelikheid behels om spesifiek te dink oor wat bedoel word met Onderwysleierskap en hoe dit gedefinieër word, asook probleme wat mag ontstaan. Die tweede beginsel is koherensie. Koherensie moet in aksies toegepas word om die uitgeklaarde probleme op te los. Die derde beginsel is narratief wat verwys na begrip van en vertelling oor leierskap. Die kernaanname wat in Onderwysleierskap gemaak is, is dat leierskap saak maak en dat leierskap op verskillende maniere gedefinieer kan word. Dit is hierdie aannames (narratiewe) wat Prof Scott wil ondersoek; dat ons nie die aannames sonder meer aanvaar nie.

Hy het die deelnemers uitgedaag om betrokke te raak by geleerdes en praktisyns wat anders as hul dink sodat ons die eie perspektiewe kan bevraagteken. Dit het die potensiaal om 'n mens se omvang te verbreed en die manier waarop iemand na die werklikheid kyk, te beïnvloed. Hy het gesê dat ons baie vooropgestelde idees van leierskap het en dat dit nodig is om wat ons aanvaar en hoe ons kyk na wat leierskap is uit te daag. Hy het beklemtoon dat hy eerder met organisering self betrokke raak as met leierskap as die eerste prioriteit.



**Mafikeng members of Edu-Lead. From left  Prof Edmore Mutekwe, Prof Connie Zulu, Dr Jan Khumalo and Dr Martha Matashu. Dr Annamarie Pelser joined from home via Adobe Connect**



**Potchefstroom members of Edu-Lead. From left Dr CP van der Vyver, Prof Kobus Mentz, Mr T Tapala, Prof Herman van Vuuren, Dr Leentjie van Jaarsveld and Dr Arrie van Wyk**



**Potchefstroom members of Edu-Lead. From left Prof Kobus Mentz, Dr CP van der Vyver, Dr Leentjie van Jaarsveld, Dr Arrie van Wyk, Dr Molly van Niekerk, Me Majoro (M student) and Prof Jan Heystek (director of Edu-Lead)**



**Prof Scott Eacott who presented the Wednesday session at Edu-Lead**